Aansienlike toenames in sowel die volume as die pryse van uitvoer-goedere het gedurende die tweede kwartaal van 1985 tot die sewende opeenvolgende kwartaallike styging in die waarde van die goedere-uitvoer gelei. Hierdie uitstaande uitvoerprestasie het verband gehou met die stygende vraag na mynbouprodukte wat verband gehou het met die ekonomiese uitbreiding in die nywerheidslande, sowel as met die verhoogde prysmededingendheid van Suid-Afrikaanse uitvoerders. In die tweede kwartaal van 1985 is dit deur hoër landbou-uitvoer aangehelp. Alhoewel kommoditeitspryse op internasionale markte oor die algemeen gedemp gebly het, het uitvoerpryse in randterme skerp toegeneem vanweë die daling in die effektiewe wisselkoers van die rand.

Die waarde van die goedere-invoer het in die tweede kwartaal van 1985 verder gedaal as 'n weerspieëling van 'n afname van 9 persent in die volume van ingevoerde goedere en 'n toename van 5 persent in invoerpryse in terme van rand. Besondere groot dalings is in die invoervolume van landbouprodukte, voorbereide voedsel, chemiese produkte en masjinerie en elektriese toerusting aangeteken. Aan die ander kant het die invoervolume van mineraalprodukte effens toegeneem. Die swak vertoning van die rand op die valutamarkte was die belangrikste bydraende faktor tot die toename in invoerpryse. Gedurende Julie was die seisoensaangesuiwerde waarde van die invoer effens onder sy gemiddelde maandelikse waarde gedurende die tweede kwartaal.

'n Daling in volume was gedurende die tweede kwartaal van 1985 geheel en al verantwoordelik vir 'n daling van 11½ persent in die waarde van die netto goudproduksie. Met die oog op die hoër prys van goud in rand, het die myne voortgegaan met hul beleid om laergraadse erts te ontgin. Hierbenewens het die hoeveelheid erts gemaal ook gedurende die tweede kwar-

## Goudprys




taal matig gedaal. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark het, in terme van rand, van R617 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1985 tot R627 per fyn ons in die tweede kwartaal gestyg. Daarna het dit in Julie effens gedaal voordat dit in Augustus tot R787 per fyn ons opgeskiet het as gevolg van die depresiasie van die rand en 'n matige toename in die VSA-dollarprys van goud. Laasgenoemde prys het gemiddeld \$330 per fyn ons in Augustus bedra, effens bo sy gemiddelde van \$317 in die voorafgaande drie maande.

Netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld het in die tweede kwartaal van 1985 hul opwaartse neiging voortgesit. Hierdie verdere toename is hoofsaaklik deur hoër betalings in terme van rand ten opsigte van vrag en versekering op goedere, ander vervoerdienste en dividende en rente op buitelandse beleggings meebring.

## Kapitaalrekening

Gedurende die tweede kwartaal van 1985 is 'n netto uitvloeï van slegs R9 miljoen op die kapitaalrekening van die betalingsbalans aangeteken, vergeleke met uitvloeïe van R983 miljoen in die vierde kwartaal van 1984 en R2 453 miljoen in die eerste kwartaal van 1985. Hierdie skerp swaai in die kapitaalrekening was veral opmerklik in die bewegings van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie, insluitende onaangetekende transaksies. Die netto uitvloeï van sodanige korttermynkapitaal het van R2 808 miljoen in die eerste kwartaal van 1985 tot slegs R113 miljoen in die tweede kwartaal gedaal. Hierdie aansienlike daling het onder andere verband gehou met 'n afname in terugbetalings op buitelandse handelskre-

## Betalingsbalans: Kapitaalrekening



diet en die afwesigheid van enige beduidende ongunstige vervroegings en verdragings in buitelandse betalings en ontvangste gedurende hierdie tydperk van drie maande.

Ten spyte van 'n aansienlike toename in leningskapitaal wat deur openbare korporasies in die buiteland verkry is, het die netto invloeï van langtermynkapitaal gedaal van R355 miljoen in die eerste kwartaal van 1985 tot R104 miljoen in die tweede kwartaal. Hierdie daling was in 'n groot mate 'n weerspieëling van die netto terugbetaling op die buitelandse lenings deur die Sentrale Regering, en 'n ommeswaai van die invloeï deur effektetransaksies van nie-inwoners deur die effektebeurs. Nadat nie-inwo-

ners netto aankopers van binnelandse effekte ten bedrae van R1 303 miljoen in die voorafgaande sestien maande was, het hulle vanaf Mei netto verkopers van sodanige effekte geword. Gedurende die drie maande tot aan die einde van Julie het hierdie verkope R467 miljoen bedra.

Vanaf die laaste week van Julie het die kapitaalrekening van die betalingsbalans aansienlik verswak, in besonder nadat sekere buitelandse banke hulle voorneme bekend gemaak het om kredietfasiliteite wat hulle aan Suid-Afrikaanse banke en ondernemings toegestaan het, in te trek. Besorgdheid dat hierdie aksie kan versprei het begryplikerwys tot nuwe ongunstige vervroegings en vertraginge gelei wat veroorsaak het dat die rand aansienlik gedeprimeer het.

Hierdie ontwikkelings het die owerhede verplig om transaksies op die mark in buitelandse valuta op te skort en die Johannesburgse Effektebeurs vanaf 28 Augustus vir drie handelsdae te sluit as 'n voorloop tot die instelling van nuwe beperkings op uitwaartse kapitaalbewegings. Hierdie beperkings, wat op 1 September aangekondig is, het basies bestaan uit die instelling van 'n stilstand van vier maande vir die terugbetalings van buitelandse skuld en die herinstelling van die finansiële-randstelsel.


#### Buitelandse reserwes

Die aansienlike oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans en die verbetering in die kapitaalrekening het in die tweede kwartaal van 1985 tot gevolg gehad dat die netto goud- en ander buitelandse reserwes met R1,4 miljard toegeneem het. Hierdie toename was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die Reserwebank en ander bankinstellings se vermindering van hul reserweverwante buitelandse verpligtings met R1,2 miljard gedurende hierdie kwartaal. Ten spyte van die daaropvolgende negatiewe ontwikkelings op die kapitaalrekening waarna hierbo verwys is, is daar nogtans gedurende Julie 'n toename van R110 miljoen in die totale netto goud- en ander buitelandse reserwes aangeteken. In Augustus het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank egter met R535 miljoen gedaal.

#### Wisselkoerse

Nadat die eksterne waarde van die rand gedurende die eerste kwartaal toegeneem het, het dit gedurende die tweede kwartaal van 1985 en die eerste deel van Julie matig afwaarts beweeg. Politieke onsekerhede en die onttrekking van korttermyn- buitelandse kapitaal het daarna vanaf die laaste week in Julie tot 'n skerp depressie van die rand gelei tot 'n nuwe rekordlaagtepunt van 34,8 VSA-sent op 27 Augustus. Tussen die einde van Junie en die tydelike sluiting van die binnelandse valutamark van 28 Augustus tot 1 September, het die effektiewe wisselkoers van die rand met 27,2 persent gedaal. Oor dieselfde tydperk het die depressie van die rand teenoor die ander belangrike geldeenhede gewissel vanaf 'n laagtepunt van ongeveer 26 persent teenoor die

#### Wisselkoerse van die rand



#### Veranderinge in die wisselkoerse van die rand\*

	Des 1984 tot Mrt 1985	Mrt 1985 tot Jun 1985	Jun 1985 tot 27 Aug 1985	27 Aug 1985 tot 16 Sept 1985
Geweegde gemiddelde .....	5,0	-5,0	-27,2	12,0
VSA-dollar .....	6,0	-4,9	-25,9	10,4
Britse pond .....	-1,6	-8,2	-31,1	14,8
Duitse mark .....	3,9	-5,9	-32,6	14,8
Switserse frank .....	6,1	-6,4	-34,1	15,5
Japanse jen .....	5,7	-5,6	-29,5	12,4
Franse frank .....	3,7	-6,0	-32,7	14,9

\*Gebaseer op syfers soos op maandeindes.

VSA-dollar en 'n hoogtepunt van net meer as 34 persent teenoor die Switserse frank.

Toe die valutamark op 2 September heropen het, het die Reserwebank 'n openingsmiddelkoers van 41,50 VSA-sent gekwoteer. Tussen daardie heropening en 16 September het die rand/dollarwisselkoers tussen 37,95 en 45,00 VSA-sent geskommel. Die geweege gemiddelde waarde van die rand het van 27 Augustus tot 16 September met 12 persent gestyg.


In transaksies van beperkte omvang het die finansiële rand op 2 September 1985 op 37 VSA-sent geopen wat 'n diskonto van 17,8 persent weerspieël het vergeleke met 'n diskonto van 16,1 persent op 4 Februarie 1983 toe die finansiële rand die laaste keer gekwoteer is. Vervolgens het die finansiële-randdiskonto tot 7,8 persent op 16 September 1985 vernou.

## Geld- en bankwese

### Veranderings in geldvoorraad

Die groeikoers van die geldvoorraad het gedurende die eerste sewe maande van 1985 'n geleidelike daling getoon. Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande het die koers van toename in M3 afgeneem van 24,7 persent in November 1984 tot 20,5 persent in Junie 1985 en tot 18,8 persent in Julie. Die groeikoerse van die enger gedefinieerde monetêre totale, M1 en M2, het op min of meer soortgelyke wyse afgeneem, maar die koerse van afname het dié van die breër monetêre totaal M3 oorskry. Die vergelykbare groeikoerse van M1 en M2 het afgeneem van onderskeidelik 39,6 persent en 28,9 persent

### Veranderings in geldvoorraad



in November 1984 tot onderskeidelik 20,8 persent en 21,3 persent in Junie 1985. Hierdie vinniger afname in die groei van die enger monetêre totale is meegebring deur 'n verskuiwing van korttermyn- na langtermyndeposito's wat op sowel werklike as verwagte laer rentekoerse en die verwagte verandering in die rentekoersstruktuur gebaseer was. In Julie het 'n klein styging in rentekoerse hierdie toestand omgekeer en tot 'n aansienlike daling in die langtermyndeposito's van die private sektor by banke bygedra. Hoewel die groeikoerse van M2 in Julie voortgegaan het om te daal, is 'n klein styging in die koers van toename van M1 aangeteken.

Die groeikoerse gemeet oor 'n redelike lang tydspan van twaalf maande waarna hierbo verwys is, onderskat die omvang van die verlangsaming in die geldgroei. Die tempo van verandering oor die korttermyn word beter weergegee deur koerse van toenames van die verskillende monetêre totale as kwartaallikse veranderinge teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse te meet. Op hierdie wyse gemeet, het die kwartaallikse toenames in M3, M2 en M1 van onderskeidelik 24,3 persent, 25,3 persent en 34,0 persent in die vierde kwartaal van 1984 tot onderskeidelik 13,2 persent, 6,0 persent en -4,8 persent in die tweede kwartaal van 1985 afgeneem.

Vanuit 'n oogpunt van monetêre beheer was die verlangsaming in die koers van toename van die geldvoorraad gedurende die eerste sewe maande van 1985 inderdaad baie bevredigend. Daarbenewens het die omloopsnelheid van die verskillende monetêre totale gedurende die eerste kwartaal van 1985 verder gedaal en toe gedurende die tweede kwartaal min of meer onveranderd gebly. Die veranderinge in die geldvoorraad tesame met die omloopsnelheid daarvan het op 'n verdere verlangsaming in die koers van toename in monetêre vraag gedurende die tweede kwartaal van 1985 gedui.

Die netto buitelandse reserwes, wat gedurende die eerste kwartaal van 1985 nog 'n vernouende uitwerking op die geldvoorraad gehad het, het in die tweede kwartaal krediet aan die private sektor as belangrikste teenhanger van monetêre uitbreiding, verbygesteek. Gedurende die laasgenoemde drie maande het die vraag na krediet aansienlik verswak, terwyl die posisie van die betalingsbalans in sy geheel verander het en 'n groot oorskot getoon het. Netto bankkrediet aan die regeringsektor het gedurende die tweede kwartaal min of meer onveranderd gebly en toe gedurende Julie matig toege neem.

## Bankkrediet

Ten spyte van die feit dat netto bankkrediet aan die regeringsektor gedurende die vier maande tot Julie 1985 min of meer onveranderd gebly het, het die totale kredietverlening deur die banke verder toegeneem. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoerse het die groei in totale bankkrediet egter van 11,9 persent in die eerste kwartaal van 1985 tot 8,3 persent in die daaropvolgende vier maande verlangsaaam. Hierdie veranderinge in totale bankkre-

## Bankkrediet



diet weerspieël hoofsaaklik soortgelyke toenames in bankkrediet aan die private sektor. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoerse het die koers van toename in bankkrediet aan die private sektor verlangsaaam van 37,2 persent in die vierde kwartaal van 1984 tot 13,0 persent in die eerste kwartaal van 1985 en tot 12,0 persent in die daaropvolgende vier maande.

Die volgehoue verlangsaming in die vraag na krediet deur die private sektor gedurende die vier maande tot Julie 1985 was hoofsaaklik die teenhanger van 'n aansienlike afname in nominale bruto binnelandse besteding. Veral die vraag na bankkrediet vir die finansiering van aankope van duursame verbruiksgoedere en kapitaalbesteding het skerp gedaal. Trouens, huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering wat deur banke voosien is, het in werklikheid gedurende die tweede kwartaal en Julie in absolute terme gedaal. Die vraag na bankkrediet deur maatskappye het egter betreklik hoog gebly. Bykomende bankkrediet is steeds deur maatskappye benodig om hul kontantvloeï aan te vul en om opgelope rente op reedsbestaande kredietfasiliteite te kapitaliseer.

## Finansiële markte

### Reserwebank-optrede in finansiële markte

Die belangrikste mikpunt van die Reserwebank se optrede in die finansiële markte gedurende die vyf maande tot Augustus 1985 was die bevordering van 'n ordelike afwaartse aanpassing van korttermynrentekoerse. Die verbetering in die monetêre en fiskale beleidspakket vanaf April 1985, die afname in totale besteding en die groot oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans, het die Reserwebank genoop om gedurende die tydperk April tot September 1985 sy monetêre beleid voortdurend te verslap.

Ter erkenning van die veranderde ekonomiese omstandighede en die daling in geldmarkrentekoerse, het die Bank sy herdiskonteringskoerse in vier stappe van 1 persent elk tussen 6 Mei en 4 Julie verlaag. Uitgaande van die standpunt dat die vernouing in die geldmarktoestand teen die einde van Julie en vroeg in Augustus hoofsaaklik die gevolg van 'n abnormale sosio-politieke toestand was en nie deur veranderings in grondliggende ekonomiese faktore veroorsaak is nie, het die Bank daarná sy herfinansieringskoerse op 20 Augustus met 'n verdere 1,75 persent verlaag. Hierdie aanpassings het die Bank se herdiskonteringskoerse vir diskontohuise op 16 persent vir skatkiswissels, 16,25 persent vir Landbankwissels en 16,50 persent vir bankaksepte te staan gebring. Die Reserwebank het terselfdertyd in ooreenstemming met die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, die tradisionele "Bankkoers" as sy formele koers vir die herdiskontoring van skatkiswissels vir diskontohuise heringestel. Hierdie veranderings het met breedweg ooreenstemmende verlagings in die Bank se herdiskonteringskoerse vir banke en in sy rentekoerse op oornaglenings aan diskontohuise en banke gepaard gegaan.

Die Reserwebank se netto verkope van staatseffekte gedurende die tweede kwartaal van 1985 het R2 139 miljoen bedra en gedurende Julie en Augustus R341 miljoen. Hierdie optrede was hoofsaaklik gemik op die befondsing van die Regering se tekort voor lenings op 'n wyse in ooreenstemming met die strategie om die koerse van toename in die geldvoorraadtotale te verminder.

Hoewel die Reserwebank se optrede in die valutamark hoofsaaklik daarop gerig was om wisselkoersbewegings te stabiliseer en om buitelandse valuta te verkry ten einde aan regstreekse termynvalutaverpligtings te voldoen, het dit ook 'n aansienlike invloed op die toestand in die geldmark gedurende die vyf maande tot Augustus 1985 uitgeoefen.

Ten einde die geldmark oor die seisoenaal stram maandeinde van Augustus, wat uit die gebruikelike groot beweging van belastingfondse na die Regering voortvloei, by te staan, het die Reserwebank aansienlike gebruik gemaak van terugkoopvooreenkomste vanaf 30 Augustus. Spesiale belastingskatkissels ten bedrae van R500

miljoen wat teen die einde van Augustus verval het, het ook die stram marktoestand oor die maandeinde verlig.

Die netto resultaat van die Reserwebank se optrede en ander faktore wat die geldmark beïnvloed het, was 'n afname in die Bank se herfinansiering in die vorm van herdiskonterings en oornaglenings aan diskontohuise en ander bankinstellings van 'n daaglikse gemiddelde van R1 921 miljoen in Maart 1985 tot R860 miljoen in Junie. In Julie het hierdie finansiering weer tot R1 037 miljoen toegeneem. Daarná het die bedrag toegeneem tot R1 656 miljoen aan die einde van Augustus, voordat dit weer tot R965 miljoen op 13 September 1985 gedaal het. Fondse van die Korporasie vir Openbare Deposito's wat by die diskontohuise geplaas is, is verhoog van R600 miljoen aan die einde van Mei tot R750 miljoen aan die einde van Junie 1985 en is daarna met geringe skommelings tot 13 September op hierdie vlak gehou.


Soos deur die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid aanbeveel is, is die likwiedebatevereistes van die banke verlaag tot 20 persent in die geval van korttermynverpligtings en 15 persent in die geval van middeltermynverpligtings. Dit is gedoen ingevolge 'n wysiging in die *Bankwet*, wat op 31 Julie 1985 gepromulgeer is. Die 5-persent vereiste ten opsigte van langtermynverpligtings het onveranderd gebly, maar die 5-persent vereiste ten opsigte van aksepte-verpligtings en sekere ander voorwaardelike aanspreeklikhede is opgehef.

### Korttermynrentekoerse

Die voortgesette verslapping van monetêre beleid en die verruiming in die geldmarktoestand voortspruitende uit die laer vlak van ekonomiese bedrywigheid, die verdere verswakking in die private sektor se vraag na bankkrediet en die verbetering in die betalingsbalans in sy geheel, het 'n verdere daling in rentekoerse gedurende Junie en vroeg in Julie 1985 tot gevolg gehad. Die koers op bankaksepte van drie maande het van 19,00 persent aan die einde van Mei tot 16,40 persent in die eerste week van Julie gedaal. Die verlagings in die herfinansieringskoerse van die Reserwebank waarna hierbo verwys is, het die verrekeningsbanke aangespoor om hulle prima oortrekkingskoerse op 24 Junie van 23 persent tot 22 persent en vanaf die middel van Julie 1985 tot 21 persent te verlaag.

Die toestand op die geldmark het gedurende die tweede helfte van Julie en die eerste helfte van Augustus weer vernou as gevolg van die sosio-politieke ontwikkelings wat 'n groter vraag na buitelandse valuta en 'n gepaardgaande skerp afname in die wisselkoers van die rand tot gevolg gehad het. Die teenmaatreëls wat deur die Reserwebank getref is, soos hierbo uiteengesit, het tot gevolg gehad dat die afwaartse beweging in rentekoerse hervat is. Ná die Bankkoersverlaging van 20 Augustus het die koers op bankaksepte van drie maande en skatkiswissels wat op 15 Augustus tot onderskeidelik 18,0 persent en 17,75 persent gestyg het, teen die einde

## Korttermynrentekoerse




van Augustus weer tot onderskeidelik 16,25 persent en 15,72 persent gedaal. Die prima oortrekkingskoerse van die verrekingsbanke is ook aan die begin van September tot 19,5 persent verlaag. In September het geldmarkrentekoerse verder gedaal. Die koers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld op 13 September 1985 tot 15,60 persent en die skatkisswisselkoers tot 15,16 persent gedaal.

## Kapitaalmarkbedrywigheid

Die bedrywigheid op die kapitaalmark het gedurende die tweede kwartaal van 1985 tot nuwe rekordvlakke gestyg deels as gevolg van die toename in die algemene beskikbaarheid van fondse en die gelyktydige daling in reële ekonomiese bedrywigheid. Dit word geïllustreer deur 'n toename in die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, van R9,9 miljard in die eerste kwartaal van 1985 tot R15,5 miljard in die tweede kwartaal. In Julie en Augustus het die omset van hierdie effekte gemiddeld R5,4 miljard bedra, vergeleke met 'n maandelikse gemiddelde van R5,1 miljard gedurende die voorafgaande drie maande. Insgelyks het die waarde van aandele wat op die effektebeurs verhandel


## Transaksies in effekte en vaste eiendom



is van R1,0 miljard tot R1,6 miljard gedurende die eerste en tweede kwartaal van 1985 onderskeidelik gestyg, gevolg deur 'n maandelikse gemiddelde van R0,6 miljard in Julie en Augustus. In teenstelling hiermee het die bedrywigheid op die mark in vaste eiendom betreklik traag gebly en het die waarde van transaksies in vaste eiendom slegs effens verbeter van R2,3 miljard in die eerste kwartaal van 1985 tot R2,4 miljard in die tweede kwartaal. In Julie het die transaksies in vaste eiendom R0,8 miljard beloop wat min of meer ooreenstem met die gemiddelde vlak gedurende die voorafgaande drie maande.

Die groter aandele-omset het gedeeltelik verband gehou met die verkope deur nie-inwoners in navolging van die disinvesteringssentiment wat in die buiteland opgewek is. Die veerkragtigheid van die aandelemark was egter sodanig dat hierdie verkoopdruk en die daaropvolgende daling van 17 persent in die pryse van goudmynaandele,

## Aandelepryse



nie die gemiddelde prys van alle aandele noemenswaardig afgedruk het nie. Vanaf die onlangse onderste draaipunt in Februarie 1985, het aandelepryse met gemiddeld 19 persent tot 'n nuwe hoogtepunt in Junie gestyg en daarna met 4 persent in die volgende twee maande gedaal. Nadat die effektebeurs op 2 September 1985 heropen is, na die sluiting op 28 Augustus, het aandelepryse gedurende die eerste week van September 'n verdere daling van slegs 3 persent getoon.

In die primêre markte het die openbare sektor gedurende die tweede kwartaal van 1985 nuwe fondse ten bedrae van R1 972 miljoen met die uitreiking van vastere-rentedraende effekte verkry, vergeleke met R822 miljoen in die eerste kwartaal. Hierteenoor het maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is gedurende die eerste kwartaal van 1985 geen nuwe uitgiftes van vastere-rentedraende effekte gemaak nie en gedurende die tweede kwartaal slegs R213 miljoen deur middel van nuwe aandele-uitgiftes opgeneem. Met die oog op die afname in reële vaste investering, die lae kontantvloeï wat met die resessietoestand verband gehou het en die kapitalisering van rente op bestaande krediet, het maatskappye verkies om hulle gebruik van bankkrediet te vergroot. Gevolglik het hierdie krediet (insluitende bruikhuurfinansiering) gedurende die tweede kwartaal van 1985 met 'n verdere R212 miljoen toegeneem bo en behalwe die styging van R706 miljoen gedurende die eerste kwartaal.


'n Verbeterde netto vloeï van fondse na bouverenigings en deelnemingsverbandskemas, het hierdie instellings in staat gestel om hul verbandlenings van R894 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1985 tot R1 111 miljoen gedurende die tweede kwartaal te verhoog. Desnieteenstaande het die vraag na verbandfinan-

siering swak gebly vanweë die hoë koste van verbandfinansiering en die laer groei in persoonlike beskikbare inkome.

## Langtermynrentekoerse

Die groter beskikbaarheid van fondse het gelei tot 'n daling in langtermynrentekoerse gedurende die grootste deel van die tydperk onder bespreking. Nadat hierdie koerse in Februarie 1985 'n hoogtepunt bereik het, het hulle tot vroeg in Julie afwaarts beweeg maar daarna gedurende die res van die maand en in Augustus weer gestyg. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 'n piek van 17,4 persent in Februarie 1985 tot 15,5 persent in Junie en 15,3 persent in Julie gedaal, voordat dit weer tot 16,2 persent in Augustus gestyg het. Insgelyks het die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 7,7 persent in Februarie tot 5,4 persent in Julie gedaal voordat dit weer tot 5,6 persent in Augustus gestyg het. Die bouverenigings se maksimum verbandkoers op wonings, wat in April 1985 tot 21,5 persent verhoog is, het nie die daling in die ander langtermynrente- en opbrengskoerse

## Kapitaalmarkrentekoerse



gevolg nie tot vroeg in September toe verbandkoerse met soveel as 1 persent verlaag is. Deelnemingsverbandskemas het hul verbandkoerse van 23,6 persent in Januarie 1985 tot 20,0 persent in Junie en 18,3 persent in Augustus hersien.

'n Aanduiding van die verloop van langtermyndepositokoerse word verskaf deur die veranderings in die banke en bouverenigings se koers op deposito's van twaalf maande. Die oorheersende koerse op hierdie deposito's, wat in Maart 1985 tot 20,5 persent verhoog is, is trapsgewys tot 16,0 persent in Junie en 15,0 persent in Julie verlaag. In Augustus het die banke hulle oorheersende koers verder verlaag tot 14 persent, maar die bouverenigings het hulle ooreenstemmende koers tot 16 persent verhoog.


## Staatsfinansies

### Skatkisuitreikings\* en -ontvangstes

Soos gedurende die afgelope paar jaar, het die skatkisuitreikings gedurende die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1985/86, naamlik April tot Junie 1985, skerp toegeneem. Vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar, het die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente gedurende hierdie kwartaal met 18 persent toegeneem. 'n Aansienlike styging gedurende Julie en 'n baie matige toename gedurende Augustus, het die groeikoers van hierdie uitreikings vir die eerste vyf maande van die fiskale jaar, vergeleke met die ooreenstemmende vyf maande van 1984, op 22 persent te staan gebring. Alhoewel hierdie koers van toename hoër as

\*Die Skatkisrekening is aangesuiwer vir veranderings in die saldo op die Betaalmeestergeneraalrekening.

### Skatkisrekening




dié van die begrote toename in uitgawes vir die fiskale jaar in sy geheel was, toon dit slegs 'n klein afwyking van die geprojekteerde uitgawes van departemente vir die eerste vyf maande van 1985/86.

Aan die ander kant het die skatkisontvangste teen 'n nog sneller koers as uitreikings toegeneem. Vergeleke met die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande jaar, is 'n toename van 33 persent in skatkisontvangste in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1985/86 aangeteken. Hierdie aansienlike verbetering in die totale

ontvangste was hoofsaaklik die gevolg van hoër inkomstebelastingbetalings deur nie-mynmaatskappye vanweë die "oorloop" van belastingontvangste wat in die voorafgaande fiskale jaar betaalbaar was en aansienlike hoër ontvangste van algemene verkoopbelasting wat verband hou met die verhoging in hierdie belastingkoers van 10 tot 12 persent. Boonop het inkomstebelastingbetalings deur goudmyne ook skerp gestyg as gevolg van die hoër randopbrengste voortspruitend uit die depresiasie van die rand. Die laer waarde van invoer het egter 'n afname in ontvangste uit doeanereg tot gevolg gehad.

In Julie en Augustus, het skatkisontvangste selfs vinniger versnel. Dit het die toename in hierdie ontvangste gedurende die eerste vyf maande van die fiskale jaar in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk gedurende die voorafgaande jaar, op 34 persent te staan gebring. Hierdie styging is aansienlik hoër as die begrote toename van 18,8 persent vir die fiskale jaar in sy geheel. Die verdere versnelling in die totale ontvangste gedurende Julie was die gevolg van 'n skerp toename in inkomstebelastingontvangste vanaf nie-mynmaatskappye ná die onlangs-ingestelde bykomende derde voorlopige belastingbetaling deur maatskappye. Dit verteenwoordig dus die tekort tussen die finale raming van die betrokke maatskappye se jaarlikse belastingverplichting en die eerste twee voorlopige betalings, wat binne ses maande na die einde van hulle finansiële jaar betaalbaar is. 'n Verdere styging in inkomste-invorderings vanaf goudmyne was hoofsaaklik verantwoordelik vir die vinnige styging in ontvangste gedurende Augustus.

### Inkomste-invorderings — Staatsinkomstefonds



### Finansiering van die tekort voor lenings

Die tekort voor lenings en skuldaflossing vir die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1985/86 het R2 217 miljoen beloop, of R462 miljoen minder as die syfer vir die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar. Inligting wat vir die eerste vier maande van die fiskale jaar 1985/86 beskikbaar is, dui daarop dat die hoër tekort van R2 982 miljoen vir hierdie tydperk gefinansier is sonder om van bankkrediet gebruik te maak. Dit is ook duidelik dat 'n aansienlike deel van die Regering se leningsbehoefte vir 1985/86 in sy geheel alreeds teen die einde van Julie bevredig is.

Gedurende die eerste vier maande van 1985/86 is die tekort uit die volgende bronne gefinansier:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisse .....	1 067
Nie-bank- private sektor .....	2 131
Monetêre banksektor .....	-264
Buitelandse sektor .....	48
<b>Totaal .....</b>	<b>2 982</b>

# Verklaring oor Bankkoers

Uitgereik deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

19 Augustus 1985

Met die goedkeuring van die Regering het die Reserwebank besluit om met onmiddellike inwerkingtreding uitvoering te gee aan die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid met betrekking tot die toekomstige rol van diskonto-beleid en die Bankkoers in Suid-Afrika.

Basies beteken dit twee dinge:

Eerstens sal die Reserwebank meer en duideliker omskrewe gebruik maak van sy diskontobeleid as 'n metode om die geldvoorraad, rentekoerse en totale besteding te beïnvloed – as 'n integrerende deel van die algemene ekonomiese stabilisasiebeleid. Dit sal gedoen word in volle koördinasie met die ander hoofinstrumente van monetêre beleid, waarby staatskuldbeheer en opemark-transaksies ingesluit is.

Tweedens sal die Reserwebank weer die tradisionele "Bankkoers" instel as die formele koers waarteen hy skatkiswissels vir die diskontohuise sal herdiskonteer. Hierdie koers sal op die Bank se inisiatief binne die raamwerk van die amptelike monetêre beleid vasgestel en verander word. Die element van diskresionêre oordeel wat by hierdie werkwyse betrokke is, sal beperk word deur die behoefte om te voldoen aan enige mikpunte wat in die toekoms vir die groei van die geldvoorraad gestel mag word, asook deur die noue onderlinge verwantskap wat daar tussen die geldhoeveelheid, rentekoerse en wisselkoerse bestaan.

Met ingang van Dinsdag, 20 Augustus 1985, sal die Reserwebank sy nuwe formele Bankkoers vasstel op 16 persent. Dit kom neer op 'n verlaging van 1,75 persentapunte in die Bank se herdiskonteringskoers vir skatkiswissels vir diskontohuise vanaf die huidige vlak van 17,75 persent.

Terselfdertyd sal die Reserwebank sy herdiskonteringskoerse vir diskontohuise vir Landbankwissels van 18 persent tot 16,25 persent en vir likwiede bankakseptes van 18,25 persent tot 16,50 persent verlaag. Ooreenkomstige verlaging sal in die Reserwebank se herdiskonteringskoerse vir banke en in sy rentekoerse op oornaglenings aan diskontohuise en banke aangebring word.

Die verwagting is dat die Bankkoersverlaging sal lei tot 'n verdere daling van die prima oortrekkingskoers van die handelsbanke vanaf die huidige vlak van 21 persent tot tussen 19 en 20 persent. Verlaging van die verbandkoerse van bouverenigings kan ook mettertyd verwag word.

Die aansporing vir die banke en hul kliënte om van buitelandse krediete gebruik te maak, sal nie verminder word nie aangesien die Reserwebank gepaste wysigings sal aanbring aan die marges wat hy ten opsigte van termynvaluta noteer.

In sy besluit om hierdie stap te doen, is die Reserwebank deur die volgende oorwegings beïnvloed:

(1) Dit is nou volkome duidelik dat die beperkende monetêre beleid wat sedert Augustus 1984 toegepas is en die fiskale maatreëls wat in die Begroting van Maart 1985 ingestel is, hul oorspronklike doelstelling om die totale besteding van die private en die openbare sektor – dit wil sê die geldvoorraad vermenigvuldig met die omloopsnelheid daarvan – aan bande te lê, ten volle verwesenlik het. Die reële bruto binnelandse besteding het nou vir vyf opeenvolgende kwartale gedaal. Gedurende die tweede kwartaal van 1985 het dit 'n vlak bereik wat 9 persent laer was as dié van die tweede kwartaal van 1984. Opmerklike dalings het gedurende hierdie tydperk in al die belangrikste komponente van reële besteding voorgekom, in die besonder in die besteding aan duurzame verbruiksgoedere.

Hierbenewens het die groeiakoerse van die geldvoorraadtotaal, teen jaarkoerse bereken, gedurende die eerste helfte van 1985 in die geval van M1 tot 7,2 persent, in die geval van M2 tot 10,6 persent, en in die geval van M3 tot 12,7 persent gedaal.

Tesame met die jongste statistiese inligting oor produksie, indiensneming, verkope en invoer, toon hierdie bestedings- en geldvoorraadsyfers duidelik dat oormatige vraag of oorbesteding nou geheel en al uit die ekonomie verwyder is. Die reële groeiakoerse is in werklikheid tans negatief en die onderste draaipunt van die konjunkturgolf is waarskynlik nog nie bereik nie.

Soos voorspel is, het die inflasiakoerse tot dusver in 1985 versnel, hoofsaaklik as gevolg van die vertraagde uitwerking van die depresiasie van die rand sedert September 1983, die verhogings van geadministreerde pryse wat daarmee verband gehou het, en die verhoging van 10 tot 12 persent in die algemene verkoopbelasting wat in die Begroting van Maart aangekondig is. Namate die invloed hiervan wegwyn, behoort die inflasiakoerse egter te begin daal.

(2) Die tweede hoofdoelstelling van die bestaande monetêre en fiskale strategie, naamlik om die tekort op die betalingsbalans in lopende rekening in 'n oorskot te omskep, is ook bereik. Teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse bereken, het die lopende rekening verander van tekorte van R2,5 miljard gedurende die eerste kwartaal van 1984, R2,0 miljard gedurende die tweede kwartaal en R2,1 miljard gedurende die derde kwartaal, na oorskotte van R0,6 miljard gedurende die vierde kwartaal van 1984, R4,3 miljard gedurende die eerste kwartaal van 1985, en R5,4 miljard gedurende die tweede kwartaal. Dit lyk nou waarskynlik dat die oorskot op lopende rekening vir 1985 in sy geheel om en by R5 miljard sal beloop. Dit sou gelykstaan aan ongeveer 4 persent van die bruto binnelandse produk, wat volgens enige maatstaf aansienlik is.

(3) Aansienlike terugbetalings van korttermyn- buitelandse lenings en krediete is sedert September 1984 deur die banksektor en private maatskappye gemaak. Dit het gedurende hierdie tydperk bygedra tot 'n afname in Suid-Afrika se netto korttermyn- buitelandse verpligtings van ongeveer R5 miljard.

(4) Die *netto* amptelike goud- en buitelandsevalutare-reserwes van die banksektor het gedurende die tweede kwartaal van 1985 met R1,4 miljard toegeneem.

(5) Sedert die indiening van die Begroting in Maart 1985 het die "mengsel" van fiskale en monetêre beleid aansienlik verbeter. Ná seisoensaansuiwering was daar 'n opmerklike verlaging van sowel die koers van toename in owerheidsbesteding as van die "tekort voor lenings". Hierbenewens het die regeringsektor tot dusver in die huidige fiskale jaar geen netto bykomende gebruik van bankkrediet gemaak nie. In werklikheid het die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor ná seisoensaansuiwering gedurende die kwartaal April tot Junie selfs met R442 miljoen gedaal.

(6) In sy opemarktransaksies het die Reserwebank vir die finansiële jaar 1985/86 reeds 'n netto bedrag van R2,3 miljard aan staatseffekte "op aanvraag" verkoop, asook spesiale belastingafwagting-skatkisswissels ten bedrae van R600 miljoen. Hierteenoor moet in berekening gebring word aflossings van staatseffekte ten bedrae van R660 miljoen.

Die verskillende ontwikkelings en omstandighede wat hierbo geskets is, bied meer as voldoende regverdiging vir 'n verdere matige verslapping van monetêre beleid in die vorm van 'n verlaging van rentekoerse. Die uitskaking van oormatige vraag en die bewerkstelling van 'n groot en volgehoue oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het die weg gebaan vir 'n hervatting van reële ekonomiese groei. Bowendien skep die groter doeltreffendheid van fiskale beleid sedert die indiening van die Maart-Begroting op sigself bykomende ruimte vir geregverdigde rentekoersverlagings.

Hierdie gevolgtrekking word nie wesenlik verander deur die abnormale politieke omstandighede wat tans in Suid-Afrika heers nie, waarby die oproerigheid in stadsgebiede, die noodtoestand wat in sekere landdrostdistrikte afgekondig is, en die versterkte bedreiging van ekonomiese sanksies ingesluit is. Hierdie politieke verwickelinge het ongetwyfeld wel die indrukke wat oorsee oor die vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse ekonomie bestaan, ongunstig beïnvloed en daartoe gelei dat buitelandse kapitaal en bankkrediet in sekere mate weerhou word. Dit het gepaard gegaan met 'n opmerklike depresiasie van die rand en 'n ommekeer van die afwaartse beweging wat sedert Maart 1985 deur rentekoerse aan die dag gelê is. Indien die afwaartse druk op die rand verband gehou het met oormatige geldskepping en oorbesteding – soos wel die geval gedurende die eerste helfte van 1984 was – sou die regte reaksie van monetêre beleid gewees het om

rentekoerse toe te laat om te styg. Maar in die huidige resessietoestand is dit gewens om monetêre maatreëls toe te pas om te verhoed dat die onlangse politieke gebeure 'n oormatige inkrimping van geld en krediet met 'n gepaardgaande styging in rentekoerse teweegbring.

Monetêre stabiliteit moet en sal gehandhaaf word. Maar noudat oorbesteding uitgeskakel is, moet 'n *onnodig beperkende* beleidshouding vermy word. Die toenamekoerse van geld en krediet moet laag genoeg gehou word om enige aanblasing van die vure van inflasie of skade aan die betalingsbalans te voorkom, maar hoog genoeg om toenemende investering, produksie en indiensneming te bevorder.